***Preekreeks: Die gelykenisse van Jesus (3)***

***Wat leer die gelykenis van die Verlore Skaap ons oor die hart van ons Vader?***

***11 Augustus 2019***

***Lukas 15 1-7***

**Skriflesing:** Lukas 15: 1-7

**Prediking:**

***1.***

---

Vriende.

Die gelykenis van die Verlore Skaap is sekerlik een van die bekendste gelykenisse. Ek is daarvan oortuig dat elkeen van ons wat vanoggend hier sit al voorheen die verhaal gehoor het.

***Weet julle egter wat die boodskap en implikasies van die gelykenis is? Of anders gestel: wat is die tradisionele interpretasie van die gelykenis van die verlore skaap?***

Oor die afgelope 2000 jaar is die verhaal min of meer op die selfde wyse gelees en verstaan.

Volgens die lees van die teks is **God 'n herder** en die **verlore skaap 'n sondaar**. Netsoos 'n herder 'n verlore skaap soek (en die ander 99 in die veld los) so is God ook. God soek altyd die sondaar wat afdwaal en hom of haarself in die wildernis bevind. Wanneer 'n herder sy verlore skaap vind word daar feesgevier. Netso is daar feesvieringe in die hemele wanneer 'n sondaar tot bekering kom en deel word van die geloofsgemeenskap.

***Die belangrike vraag is natuurlik wat die interpretasie ons van God vertel. Wat leer die gelykenis ons van God en sy houding teenoor sondaar mense?***

- Die interpretasie beklemtoon God se **genade** – God neem nie sondaars se oortredinge in ag nie. Hy sal altyd die wat verlore is soek en vind.

- Verder leer die gelykenis ons iets van God se **liefde**. Sy liefde is so groot vir sondaarmense soos ek en jy dat Hy bereid is om alles te los (die 99 skape) en agter ons aan te loop.
- Natuurlik beklemtoon die gelykenis ook die omvang van God **vergifnis**. God vergewe altyd weer opnuut. Hy gee elkeen van ons nog ’n kans. HY laat nie die skaap in die wildernis agter nie. Nee, hy vergewe elkeen van ons maak nie saak hoe ver ons van Hom afdwaal nie. Sy vergifnis is groot genoeg vir ons oortredinge en sonde.
- Terselfdertyd leer die gelykenis ons iets van God se **deernis vir die wat verlore is**.
- Netso vertel die gelykenis ons iets van God se **blydskap wanneer die wat verlore is weer tot bekering kom**, gevind word en deel word van God se kudde of gemeenskap.

Terselfdertyd leer die gelykenis ons ons iets oor die aard van die mens. ***As ons aan die hand van die gelykenis weer opnuut onder die besef van God se genade en liefde kom, wat vertel die gelykenis ons oor die aard van die mens?***

Vriende, soos die verlore skaap is ons maar geneig om van Herder en Sy kudde weg te dwaal. Ons is maar geneig om van God en God se geloofsgemeenskap weg te loop. Die gelykenis vertel dat ons baie keer die wêreld en sy dinge bo God kies.

Hoekom vriende? Hoekom is ons as mens geneig om van die Here weg te loop? Die **tradisionele antwoord** op die vrag is **ons sondige natuur**. As gevolg van ons sondige natuur loop ons herhaaldelik van God weg. Ons kan egter ook byvoeg dat ons in ’n wêreld leef met baie versoekinge.

***Lees ’n mens die gelykenis op die wyse, wat sou julle antwoord wees is die rol van Jesus?***

Deur Jesus word **God se genade, liefde en vergifnis die duidelikste sigbaar**. By uitstek is die **kruis en die oop graf** die wyse waarop God Sy liefde, genade en vergifnis bewys aan sondaar mense soos ek en jy. God se deernis vir die wat verlore is, word sigbaar in die feit dat hy Jesus na die wêreld gestuur het.

Anders gestel: **Deur Jesus se koms, lewe, kruisiging en opstanding, loop God ons Vader agter elkeen aan wat in die wildernis van ongeloof en twyfel wegraak. In Jesus se koms na die wêreld soek God nie net vir jou en my nie maar word ons ook deur Hom gevind.** Ons word deur Jesus en die kruis gevind en weer op Jesus se skouers (deur die werking van die Gees) terug na die kudde of die geloofsgemeenskap geneem. Met die vind van elke verlore sondaar (die wat tot bekering kom) is daar feesvieringe en blydskap in die hemele.

***Vertroos die boodskap ons enigsins.?***

'n Pragtige boodskap nie waar nie. Dit is 'n boodskap wat elke gelowige, elke sondaar, vertroos en versterk.

- God weet en besef baie goed wanneer iemand weg is.
- Goed soek die mense wat hulle in die wildernis van ongeloof en twyfel vind.
- Hy vind ons daar in die woestyn, hy tel ons op Sy skouers en dra ons terug na die Vaderhuis.
- Daar is blydskap en feesvieringe wanneer ons as sondaar weer as bekeerde na die Vader terugkeer.

Ek wil 'n voorbeeld aan julle voorhou. So ruk gelede lees ek van 'n "hole in the wall". Iewers in Johannesburg is daar 'n kinderhuis. In die muur van die kinderhuis is daar 'n boks gebou met 'n deur daarin. 'n Mamma wat nie meer haar kind wil hê nie kan dan die babatjie daar gaan afgooi en geen vra word aan haar gestel nie.

Later is daar 'n bietjie navorsing gedoen oor die moeders. Onder andere is daar gevind dat meer as 50 persent van die vroue verkrag is. Verder het hulle ook onderhoude met hulle gevoer. Wat voel hulle wanneer hulle dit doen. Natuurlik het elkeen van hulle geantwoord dit is die moeilikste ding wat hulle nog ooit gedoen het.

Wat voel 'n mamma as sy haar kind weggee? Verbeel die **skuld gevoelens**? Ek dink so 'n vrou bevind haar in die wildernis. Sy het weggeraak van alles en almal.

Ek dink verder dat die beeld van 'n herder **wat jou vind en huis toe dra – maak nie saak waar jy is nie – ongelooflik vertroostend is. Die beeld dat die herder jou nie oordeel nie maar jou slegs op sy skouers tel en huis toe neem sal haar versterk en die moet gee om weer die dag aan te pak.**

***Hoe dink julle moet ons aan die hand van die gelykenis teenoor ons naaste leef?***

Natuurlik vertel die interpretasie ons iets van hoe ons teenoor ons medemens moet leef.

Kyk 'n bietjie om jou. Wie is in jou lewe? **Bevind van die mense hulle in die wildernis van pyn, hartseer, twyfel of ongeloof**? Het van die mens van God, die goeie herder weggedwaal? Is hulle verlore?

Ek dink die gelykenis vertel ons onder andere dat God elkeen wat verlore is soek**. So moet os ons ook uit dankbaarheid die mense soek wat verlore is. Soos God moet ons agter die wat in die wildernis is aanloop, en indien nodig op ons skouers tel en terugdra na die kudde**. Ons moet saam met die mense feesvier wanneer hulle weer gevind is.

Ons doen dit deer **gebed**. Deur te **luister**, deur met **sensitiwiteit te help en raad te gee**., deur **versorging**, deel **gesprek**, deur die **voorbeeld wat ons stel**.

***Vertel die interpretasie van die gelykenis ons iets van die doop?***

Ek dink so.

Die doop is simbolies van God se genade, Sy liefde, Sy vergifnis. Die doop vertel ons weer op nuut dat God nie net deernis het vir die wat verlore is nie, maar ook die wat nog nie vir hulself kan antwoord nie. Die doop vertel ons dat God bly is oor elke persoon wat gevind word en tot bekerring kom, en netso is God bly oor elke kindjie wat ouers voor sy voete plaas in dankbaarheid. Die doop vertel ons dat God, soos in die geval van die gelykenis, elkeen van ons, selfs die kleinste babatjie, op sy skouers te en deur die lewe dra.

Amen